DEEL 117 | WEEK 17 | 25 APRIL 2025 | R5




# Sterre onder Riemland Hemel

Die sterre roep – en hierdie keer is dit nie net in Sutherland nie. Hemelliefhebbers, nuuskierige geesdriftiges, avonturiers én gesinne moet hul reg maak vir die opwindende groot Vegkop sterrepartytjie, wat op vandag en more plaasvind. Dié unieke sterrekyk-geleentheid beloof 'n ervaring soos min, gehou op die geskiedkundige Vegkop-terrein– 'n bortle 2-gebied met van die helderste naghemele nader aan Gauteng.
Vegkop is nie net 'n historiese plek waar die boere in 1836 teen Silkaats se magte geveg het nie, maar het ook 'n reputasie opgebou onder sterrekundiges as een van die beste donkerlugterreine na Sutherland. Hierdie sterrepartytjie, wat deur plaaslike entoesiaste georganiseer word, het ten doel om sterrekunde vir almal toeganklik te maak en fondse in te samel vir die bewaring van die Vegkop-monument, asook opknapping van die terrein.
Die partytjie skop vandag af vanaf 08:00, met 'n spesiale program vir skoolkinders. Kinders sal prakties leer oor teleskoopontwerpe, sterre en sonhorlosies, en selfs hoe om hul eie sterretelefoon te gebruik. Die aand bring praktiese sterre kyk onder begeleiding van kenners – 'n perfekte inleiding tot die wêreld van astronomie vir beginners.
Op Saterdag 26 April, wag 'n vol program wat sport, wetenskap en geselligheid kombineer. Die dag begin met 'n 52km-Fietswedren en 'n 10km-draf asook 'n 5km -draf-stap, met geldpryse en medaljes. Terselfdertyd kan besoekers kosstalletjies, veterane motors en teleskooptoerusting verken, saam met 'n lekker koppie plaaslike koffie.
Die middag is gevul met boeiende praatjies oor alles van basiese teleskoopgebruik tot gevorderde astrofotografie. Die hoofaanbieder is niemand minder nie as die wêreldbekende sterrekundige Prof David Block, emeritusprofessor van Wits, wat bekend is vir sy inspirerende toespraak "Kyk op!" waarin hy wetenskap en geloof op unieke wyse verbind.
Saterdagaand bring die hoogtepunt van die naweek – sterrekyk onder 'n hemelruim van bortle 2-gehalte. Prof. Block sal aanwysings gee van planete, sterre en sterregroepe.
Boonop sal besoekers deel kan wees van 'n rekordpoging: die meeste teleskope wat gelyktydig op een hemelliggaam gerig is – 'n geskiedkundige oomblik vir Heilbron en die sterregemeenskap!
Let daarop dat geen wit ligte na 19:00 toegelaat sal word nie- slegs rooi ligte mag gebruik word om ligbesoedeling te vermy. So of jy 'n kind is wat vir die eerste keer deur 'n teleskoop loer, of 'n ervare astrofotograaf is wat na die perfekte skoot jag- die Groot Vegkop Sterrepartytjie is 'n hemel geleentheid wat jy nie wil misloop nie.










# Speel en lag aan die orde vir Huppel Trippel

Iemand het gesê 'n mens word nie oud omdat jy verjaar nie. Jy word oud omdat jy ophou speel en lag. Dit was die reël wat gegeld het by gister se saamkuier. Die aanwesiges het balle rondgegooi, balonne in die lug gehou, is geblinddoek, en moes balle van een boks oorgooi in 'n ander een in. En almal kon saam met mekaar, maar ook vir hulleself lag. Die prys vir prestasie was 'n paaseier. Op 6 Mei is Ronel Meiring die gasspreker wat kom vertel van haar besoek aan die gorillas in Ruanda.





# UIT DIE PEN: *Week 17*



Daar is elf van hulle, verspreid deur die land. Ons kon tien sien. Dit het sò gebeur.
My oudste boetie (my gryse man sê dat ek nie groot, volwasse mans, met wie ek twee ouers deel, "boetie" noem nie omdat hulle baie groter is as boeties) het drie seuns. Twee woon hier in Pretoria en een in die mooie Kaap.
Verlede week bel Kapenaar my: sal ek en my goeie man as beoordelaars optree?
Wat gaan ons beoordeel?
"Ons hou Saterdag 'n potjiekoskompetisie. En bring asseblief vir ouma saam."
Ek en my goeie man het besluit om hierdie taak professioneel aan te pak. Ons is mos die IKP. Die Inspektoraat vir Kos in Potte.
Ek het 'n lys van kriteria gemaak en dit vooraf na die spanne gestuur. Ons wil mos deursigtig wees.
**Van die kriteria was:**
1. Proe die kok met sy eie lepel of proe hy met die pot se lepel?
2. Proe ander lede van die span?
3. Is daar darem nog kos oor nadat die hele span geproe het?
4. Hoeveel vlieë is om 11:30 getel?
5. Hoeveel kole was daar om 12:00 onder die pot?
6. Het iemand die beoordelaar probeer omkoop?
7. Indien "nee" op bogenoemde vraag, verduidelik hoekom nie?
En dan natuurlik die voorkoms van die pot sowel as die tekstuur van die vleis en die groente, die geurmiddels en die bediening daarvan.
Daar was twee spanne: die Kapenaar en sy pa was in een span en in die ander span was die twee boeties wat hier in Pretoria bly.
Tussen die drie boeties is daar nege kinders.
Ons het my gryse ma by die ouetehuis gaan haal.
Tussen die gekokery deur, is die kinders vermaak: eers het hulle 'n hele emmer vol grenadillas gesny en die vlees uitgehaal. Dit moes oorspronklik in 'n bakkie versamel word, maar die kinders het later koppies gaan haal om die heerlike sap te drink. Party het nog nie die binnekant van 'n grenadilla gesien nie.
Hulle ouma (my skoonsuster) en hulle ma's het 'n heerlike paaseierjag uitgedink. Hulle het prentjies op klein stukkies papier geteken en dit binne-in 'n plastiekeiertjie geplaas. Die plastiekeiertjies is saam met 'n pakkie sjokolade-eiers in die tuin versteek. Elkeen van die nege kinders het 'n beurt gehad om die plastiekeiertjies te gaan soek.
Toe al die verrassings opgespoor is, het hulle by hulle ouma se voete gaan sit. Sy het elke prentjie wat in die plastiekeiertjie versteek was, oopgevou en die kinders gevra waaroor die prentjie handel. Daar was 'n doringkroon, 'n kruis, 'n spies, geldstukkies en kledingstukkies. Ek was verstom dat die kinders (vanaf 3 jaar tot 11 jaar oud) kon verduidelik hoe die prentjies by Paasfees inpas.
Uiteindelik het die IKP (Inspektoraat, natuurlik) die potte beoordeel. Ons het elkeen 'n pet opgesit en 'n jas aangetrek. Ek het 'n maatband saamgevat om onsinnige maar snaakse metings te doen. My goeie man het "jumper cables" saamgevat, vir ingeval iemand dit nodig het om 'n vuur aan die brand te kry.
En ja, ek is so liggies omgekoop, soos wat die seuns, toe hulle kinders was, my om hulle pinkie gedraai het.
Ek kon regtig nie 'n keuse maak tussen die potte nie. My goeie man het punte vir een pot gegee en ek punte vir die ander span. Sonder dat ons dit weet, was die punte dieselfde. Gelukkig het ons twee groot geluksakkies saamgebring, een vir elke span.
My gryse ou ma het by elke agterkleinkind 'n drukkie en 'n soentjie, sommer so skeef op die kop, gekry. Ek dink sy was doodmoeg toe ons haar by die ouetehuis gaan aflaai.
Maandagoggend kry ons nog 'n verrassing: my jonger boetie se seun, vrou en baba kom vir ons hallo sê. Kleine Joshua is sewe maande oud, en ons het hom nog nie ontmoet nie.
Ons gaan gou na die ouetehuis toe. My gryse ma lê op haar bed.
"Kyk wie het ek saamgebring," sê ek toe sy wakker word.
"Tersman!" sê sy, haar kleintydtroetelnaam vir Tertius.
Toe sy haar tiende agterkleinkind sien, lag haar hele wese.
Ons het by haar tee gedrink en klein Joshua het later na haar toe uitgereik en gevoel hoe haar hande voel. Sy klein handjies het oor haar gesig gevroetel. Later het hy met sy handjies op haar wange oopbek gelag.
Alles in fotos vasgelê.
En waar kom ek aan die elf wat ek in die begin van die skrywe genoem het? Daar is elf agterkleinkinders. My ma het in een naweek tien van hulle gesien. Sy het met Elanie, Rinus, Janien, Juda en Annabelle van die Kaap gekuier. En met Amilé, Markus, Joah en Noelle gekuier. En dan met klein Joshua. Emma was die enigste een wat nie daar was nie.
Dit het my laat dink aan families wat uitmekaar geskeur is, aan broers en susters wat nie meer kontak het met mekaar nie. Dalk is daar kinders wie hulle ouers afgeskryf het of andersom. Oor welke rede ook al. Miskien gesinslede wat mekaar toeka se jare laas gesien het en alle kontak verbreek het.
Toe ek my gryse ma se vreugde sien om nòg 'n agterkleinkind te ontmoet, het ek gewens dat almal die voorreg sal hê om spesiale dae met hulle familie te kan spandeer. Om selfs gewone dae saam met hulle te kan kuier, en dan gewone dae in spesiale dae te omskep. Sonder haat en wrewel in jou hart.
Ek sal nooit kleinkinders van my eie hê nie, wat nog te sê agterkleinkinders, maar om deel te kon wees van 'n heerlike familie-reünie, was 'n voorreg.
Ek wens dat elke vervreemde familielid die moed sal hê om die persoon vir wie jy dalk kwaad is, sal kontak. Dalk kan jy die eerste stap neem. Wie weet? Dalk kan dit vir jou 'n splinternuwe ondervinding wees, en jy eendag vir jou kinders se kinders sal vertel presies hoe spesiaal jou familie is.

# Paasfeespret by Bronnies Kleuterland







Met Paasnaweek wat onlangs plaasgevind het, het Bronnies Kleuterland weer hul jaarlikse Paasfees met groot opgewondenheid gevier. Die geliefde Paashaas is spesiaal ingeroep om die kinders te kom verras en vergesel.

In die verlede het Annemarie Hayward slegs die kinders van haar eie skool genooi, maar vanjaar het sy besluit om die vreugde en betekenis van Paasfees met 'n groter groep te deel. Sy het Kleuterkasteel sowel as die Graad R-leerlinge en hul onderwysers van Hoërskool Heilbron uitgenooi om saam te kom kuier.

Soos tradisie dit wil hê, is die oggend met 'n kort program geopen waarin almal meer geleer het oor die ware betekenis van Paasfees. Daarna is daar heerlike paaseiers uitgedeel, en die kinders het heerlik saam gelag, gespeel en gesels. Nuwe vriendskappe is gevorm en dit was mooi om te sien hoe die gemeenskap saamstaan om iets so spesiaal te leer, te eer en saam te vier.









# Suzilda amptelik ingehuldig as HOD van die Grondslagfase



Ná maande se opgewondenheid en bespiegeling is die wag uiteindelik verby: Juffrou Suzilda Muller is op 14 April amptelik aangekondig en ingehuldig as die nuwe Departementshoof (HOD) van die Grondslagfase by Hoërskool Heilbron.


Suzilda is allesbehalwe ’n vreemdeling vir die gemeenskap van Heilbron. Sy het in 2005 aan Hoërskool Heilbron gematrikuleer – en boonop met ’n indrukwekkende sewe onderskeidings! Haar liefde vir kinders het haar gelei na arbeidsterapie, wat sy aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi het. Haar gemeenskapsjaar het sy by die Frankfort Hospitaal deurgebring, waar haar passie vir diens en omgee duidelik sigbaar was.

In 2011 het sy by Eureka begin werk as arbeidsterapeut, en dit is hier waar haar diepgewortelde liefde vir kinders en ontwikkeling verder tot blom gekom het. In 2021 het sy besluit om haar roeping in die onderwys te volg en het haar nagraadse onderwyskwalifikasie suksesvol voltooi. Reeds in 2022 het sy haar pad na Hoërskool Heilbron teruggevind – dié keer as opvoeder.

Almal wat haar ken, sal saamstem: Suzilda het 'n diep passie vir kinders. Haar toegewydheid, empatie en sterk leierskap maak haar die ideale persoon vir hierdie pos.

Met groot planne en 'n duidelike visie vir die grondslagfase, het sy belowe om haar alles te gee vir die leerders en personeel. “Ek is hier vir die kinders, en ek sal altyd my bes probeer om elkeen die ondersteuning en geleenthede te gee wat hulle verdien,” het sy gesê.

Die gemeenskap van Heilbron wens haar alle sukses toe in haar nuwe rol. Met haar vasberadenheid en passie sal sy sonder twyfel 'n positiewe impak op die jong leerders en haar kollegas hê.




## In liefdevolle herinnering aan Raadslid Arnold Schoonwinkel

Dit is met groot hartseer en diepe ontsteltenis dat ons afskeid neem van DA-raadslid Arnold Schoonwinkel – ‘n man wat nie net ‘n leier in sy gemeenskap was nie, maar ook ‘n betroubare en toegewyde bron van ondersteuning vir die *Heilbron Herald*.

Hoewel hy in Parys gewoon het, het hy altyd ‘n vinger op die pols van gebeure in Heilbron gehou. Geen versoek was ooit te groot of te klein vir hom nie – hy het altyd vinnig gereageer met die regte inligting, en as hy self nie die antwoord gehad het nie, het hy geweet presies wie om te kontak. Deur sy toewyding en netwerk van kontakte kon probleme dikwels in ’n japtrap opgelos word.

Hy het ook bekend gestaan as ‘n sosiale en toeganklike mens – iemand met wie jy maklik kon gesels, en wie altyd met deernis en begrip na mense geluister het. Sy teenwoordigheid en bydraes sal baie gemis word.

Ons innige meegevoel gaan aan sy familie, vriende en kollegas. Mag julle getroos word deur die wete dat sy nalatenskap voortleef in die werk wat hy gedoen het en die mense wat hy geraak het.

***Rus sag, Arnold.***


# Hilde nou volwaardige onderwyseres

Hilde Roos, dogter van George en Hilletje Roos, het onlangs ’n indrukwekkende mylpaal in haar akademiese loopbaan bereik. Sy het op 15 April 2025 haar Baccalaureusgraad in Grondslagfase-onderrig aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) met onderskeidings voltooi – ’n bewys van haar harde werk, vasberadenheid en liefde vir onderwys.

Hilde het haar skoolloopbaan aan Hoërskool Heilbron voltooi en was in 2020 deel van die MK. Reeds van kleins af het sy ’n passie vir kinders getoon, en dit het gegroei tot ’n duidelike roeping om ’n verskil te maak in jong lewens. Vanaf 2021 het sy haar studies aan die NWU begin en vier jaar lank met toewyding gewerk aan haar kwalifikasie in Grondslagfase-onderrig – ’n kritieke fase in elke kind se ontwikkeling.

Vandag is Hilde ’n onderwyseres by Laerskool Fonteine in Sasolburg, waar sy met groot entoesiasme en liefde graad 3-leerders leer.

Hilde se familie, vriende en gemeenskap is ongelooflik trots op haar prestasies, en daar is geen twyfel dat sy nog baie jong harte sal aanraak en inspireer nie.



*Op die foto vl: George, Hilde en Hilletje Roos.*

# Huis- en Tuinbouklub met insig en inspirasie

Elke persoon begeer 'n pragtuin – en op 16 April het die Heilbron Huis- en Tuinbouklub nie net hul liefde vir tuine gedeel nie, maar ook waardevolle kennis en geestelike insigte by hul vergadering aangebied. Die geleentheid is afgeskop met 'n inspirerende vergelyking tussen die uiterlike blomtuin en die innerlike geestestuin van elke mens.

Die vergadering is geopen met die besinning dat elke tuinier sy/haar tuin se behoeftes ken – net soos ons bewus moet wees van wat ons innerlike tuin benodig. Klimaatsomstandighede soos koue, ryp of wind kan nie beheer word nie, maar dit is binne ons beheer om gereeld die onkruid van ons lewens uit te spit. Die vraag is: Hoe sorg ek vir my tuin? Hoe voed ek die grond waarin my siel moet gedy? Wat doen ek met die onkruid wat my lewe kan verstik? Is ek getrou daarmee om my plante – my gees – gereeld nat te lei, of net wanneer ek toevallig daaraan dink? Is dit nie dalk tyd om aandag te gee aan my innerlike tuin nie – en die onkruid te vervang met 'n veld vol affodille wat vrolik dans in die wind? So 'n geestelike tuin het 'n kragtige invloed op ons eie lewe én dié van ander.

Die gasspreker vir die dag was Ferdie Huisamen, direkteur van Kleinplaas Pype in Potchefstroom – 'n familiebesigheid wat sedert 2005 spesialiseer in die vervaardiging en voorsiening van besproeiingsprodukte aan groot besighede, boere, dorpseienaars en huisvroue. Huisamen het sy suksesformule gedeel: tyd, entoesiasme, en luister na kliënte se behoeftes. Kleinplaas Pype spog nie net met vriendelike en hulpvaardige personeel nie, maar stel ook nasorgdiens as 'n prioriteit.

Verskeie besproeiingsprodukte is tydens die vergadering bespreek. Die eenvoudige tuinslang met 'n sproeikop aan die einde is welbekend, maar ongelukkig ook een van die mees ondoeltreffende opsies aangesien water nie eweredig versprei word nie.

Indien dit die enigste beskikbare metode is, kan 'n tiksproeier en 'n "timer" gebruik word om tyd en verspreiding beter te beheer. 'n Goeie alternatief is die "wobbler"-sproeier. Meer gevorderd is die gebruik van Turf-sproeiers wat saam met 'n besproeiingslyn werk en ook met 'n "timer" gekoppel kan word. Die mees gevorderde opsie behels die gebruik van 'n solenoïde "valve" wat deur 'n rekenaar beheer word. Hierdie stelsel laat toe dat die besproeiing outomaties geskakel word, en selfs opgeskort kan word wanneer reën voorspel word.

Sproeiers is verstelbaar en die spuitafstand kan aangepas word. Vir groter tuine is dit raadsaam om meer as een besproeiingslyn te installeer om te verseker dat al die plante genoegsame water ontvang. Beplanning begin by die verste punt van die tuin, en werk terug na die naaste punt. "Pop-up" sproeiers is ideaal vir grasperke, en 'n mikrostelsel wat fyn sproei bied, werk goed vir blomtuine. Indien droë kolle voorkom, behoort die nozzle vervang te word.

Die gebruik van 'n "fertilizer injector" is ideaal om sekere plante of beddings selektief te voed, soos die toediening van Guanoboost. Wanneer jy 'n nuwe tuinslang moet koop, beveel Huisamen aan om in 'n drie-laag, redelik swaar tuinslang te belê – aangesien ligter modelle maklik verweer in die strawwe Vrystaat-son.

Kleinplaas Pype hou slegs die beste produkte aan – onder andere Hunter-produkte (geproduseer op die grens van Amerika en Mexiko), asook Italiaanse Vyrsa tiksproeiers. Inwoners kan 'n skets van hul tuin aan die onderneming stuur en 'n gratis kwotasie vir 'n besproeiingstelsel ontvang – alles vanuit hul eie huis. Die onderneming vervaardig ses dae per week, 24 uur per dag pype en ander besproeiingsbenodighede direk van hul fabriek.

Die vergadering is afgesluit met Aprilmaand se praktiese tuinwenke:

- As gevolg van die baie reën in Maart ten April, moet die spuitprogram vir herhaal word, spesifiek teen roes, luise, miere, slakke en torre
- Konifere kan vir oulaas sistemiese voeding ontvang.
- Rose moet vir oulaas bemes word – die bemestingsformule moet aangepas word van 8:1:5 na 2:3:4 sodat plante nie uitgroei en deur ryp beskadig word nie.
- Saai nou Bokbaai-vygies, daisies en pronkertjies.
- Maak steeds steggies – hou dit klam.
- Deel agapante en daglelies vir nuwe lente-groei.
- Let op vir kolletjies op olyfbome – 'n teken van luise. Spuit sistemiese gif en let op vir miere as aanduiding van besmetting.
- Potplante moet gelig word vir beter dreinering.
- Sommige vuurpyle blom tans – gee ekstra voeding.
- Saai groente soos spinasie, uie, ertjies en knoffel. Let wel: kool lok maklik luise.

So het die vergadering van 16 April nie net kennis en gereedskap vir 'n mooier tuin gebied nie, maar ook 'n geleentheid tot selfondersoek en innerlike groei geskep – alles in die gees van lente, lewe en vernuwing.



*Tuinbou-dames, wat April-maand se vergadering gereël het. Henda van Eeden, Charmaine Leeb, Ferdie Huisamen (spreker van Kleinplaas Pype Potchefstroom), Miranda Huisamen, Georgina Weiss & Lida Pretorius*






# Hoërskool Heilbron vereer top presteerders



























# KENNISGEWINGS

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

**In the Estate of the Late:**
Surname: **BOTHA**
First names: **GERT**
Estate number: **3986/2020**
Identity/passport number: **430505 5020 084**
Date of death: **30/06/2020**
Last address: **THE FARM WARDEN, HEILBRON, 9650**
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 25/04/2025 from 25 April 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, HEILBRON.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC, AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET HEILBRON, 9650**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**ADVERTISER E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/04/11**

---

**KENNISGEWING**

Kennisgewing in die **Boedel van Wyle Adriana Josina Venter, Identiteitsnommer: 490509 0032 08 3,** in lewe 'n Pensionaris, woonagtig te Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810, Weduwee
**Datum van afsterwe: 21 Januarie 2025**
**Boedelnommer: 001889/2025**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**




**JAARBEPLANNER 2025**

**MEI**
- 13 tot 16 Mei - Nampo Bothaville
- 21 Mei - Huis- & Tuinbouklub

**AUGUSTUS**
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub

**BESIGHEIDSURE**

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006

**POSTNET HEILBRON**




Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National

# FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

**TE HUUR**

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

**DUPNO Trading**

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158 OF PIET MEIRING 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 8078
POSTNET HEILBRON

HERALD

# Suryn se slimkoppe blink uit in Wiskunde en Fisiese Wetenskap


Suryn Classen, bekende aanbieder van ekstra klasse in Wiskunde en Fisiese Wetenskap, het rede tot groot trots. Van al haar leerders is daar vier wat as top presteerders uitgeblink het. Hulle onlangse prestasies weerspieël nie net hul eie harde werk nie, maar ook die toewyding en gehalte van onderrig wat hulle ontvang.

Franco Roos, 'n Graad 11-leerder van Hoërskool Heilbron, het met 'n indrukwekkende 95% vir Fisiese Wetenskap gespog. Net so merkwaardig is Mari Fourie van Hoërskool Wilgerivier, wat 'n gemiddeld van 94% in Wiskunde behaal het.

Maar dis nie net die toppresteerders wat Suryn se trots is nie. Sy is net so opgewonde oor die merkbare vordering van ander leerders. Carlo Swannepoel, ook van Hoërskool Heilbron, het sy Wiskundeprestasie met 'n ongelooflike 32% verbeter, terwyl Chené Pretorius van Frankfort se punte in Fisiese Wetenskap met 'n stewige 20% gestyg het. "Hierdie uitmuntende prestasies moedig toppresteerders aan om nóg beter te doen, terwyl ons ook leerders ondersteun wat sukkel om hul volle potensiaal te bereik in hierdie belangrike vakke," sê Suryn. Haar ekstra klasse is beskikbaar vir Graad 7 tot 12 in Wiskunde en Graad 10 tot 12 in Fisiese Wetenskap. 'n Paar plekke is steeds beskikbaar vir 2025, en belangstellendes word aangemoedig om betyds vir 2026 te bespreek.

Vir navrae of besprekings, kontak gerus vir Suryn by 083 234 9882.


*Franco Roos*


*Chené Pretorius*


*Carlo Swannepoel*


*Mari Fourie*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 29 APRIL 2025**
LUNEBURG Kwartaallikse veiling
Kontak Boetjan vd Wath 072 626 9242

**WOENSDAG - 30 APRIL 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

STANDERTON Aanteel veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

**DONDERDAG - 1 MEI 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**VRYDAG - 2 MEI 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 229, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit gratis.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Hendie 071 175 9807.







